

Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde 2017

NKR (NQF) vlak 5 • 130 krediete • SAQA ID-nommer: 86487

Akademia

Akademia is 'n hoëronderwysinstelling wat geakkrediteerde kwalifikasies in Afrikaans aanbied. Studente kan hoër sertifikate (1 jaar), 'n gevorderde diploma (1 jaar) en grade (3 jaar) in verskeie studierigtings by Akademia verwerf. Akademia gebruik nuwe tegnologie vir die optimale ondersteuning van ons studente. Akademia rus mense toe om meer mededingend in die arbeidsmark te wees.

Die program

Die Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde bemagtig die student om rekeningkundige praktyk te verstaan en om basiese rekeningkundige funksies suksesvol te kan uitvoer. Kennis van rekeningkundige praktyk stel studente in staat om 'n teoretiese en praktiese begrip te ontwikkel van die konteks en gepaardgaande strategieë wat relevant is vir eenvoudige finansiële en kosteberekeningsprosesse en die gepaardgaande omgewing.

Vir wie is hierdie program?

'n Boekhouklerk moet 'n verskeidenheid van dienste wat strek van berekeninge tot kliëntediens aan 'n maatskappy kan lewer. Só 'n klerk is dikwels verantwoordelik vir die daaglikse hantering van kwitansies, liëssering en deposito's. Dié Hoër Sertifikaat berei die student voor om toepaslike rekenkundige aktiwiteite te kan uitvoer.

Toelatingsvereistes

'n Nasionale Seniorertifikaat gesertifiseer deur Umalusi met:

- Minstens 30% in die onderrigtaal OF
- 'n Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) vlak 4 gesertifiseer deur Umalusi met: Minstens 30% in die onderrigtaal EN toepaslike skoolvakke.

Vakke

- Finansiële Rekeningkunde (FAC 105)
- Koste Rekeningkunde (CAC 105)
- Ekonomie (ECN 105)
- Bedryfsinligtingstelsels (BIS 105)

- Belasting (TAX 105)
- Ouditkunde (AUD 105)
- Kliëntediens en Etiek (CSE 105)
- Sakeberekeninge (BCL 105).

Assessering

Formatiewe Assessering

(Deurlopende assessering – 40% van finale punt)

- 3 werkopdragte per vak – die beste 2 werkopdragpunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.
- 3 toetse per vak – die beste 2 toetspunte word gebruik om die jaarpunt te bereken wat eksamentoelating bepaal.

'n Minimum van 40% vir 'n jaarpunt moet behaal word vir eksamentoelating.

Summatiewe assessering

(Samevattende finale assessering – 60% van finale punt)

Daar word 'n finale eksamen per vak aan die einde van die jaar geskryf.

Kontakssessies (na-ure)

Kontakssessies is verpligtend en dit word by studiesentrums aangebied soos in die Belangrike datums 2017-dokument vervat.

Tydsduur van program

Die program kan in 'n minimum tydsduur van 1 jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is 3 jaar.

Kwalifikasie

Ná die suksesvolle voltooiing van die program ontvang studente 'n Akademia Hoër Sertifikaat in Rekeningkunde wat formeel tydens 'n formele promosieplegtigheid oorhandig sal word.

Kontakbesonderhede

Skakel 0861 222 888 of stuur 'n e-pos na navrae@akademia.ac.za